

6 Junie

Psalm 22, NGB Artikel 1)

### ***Wie is die "ons" wat God ken?***

Dit is opmerklik dat die Nederlandse Geloofsbelydenis in al 37 artikels met die woordjie "ons" begin. Dit is nie maar toevallig so nie, want dit is immers 'n geloofsbelydenis, wat beteken dat dit deur en vir gelowiges binne 'n bepaalde raamwerk opgestel is: Ons glo met die hart en bely met die mond (Rom. 10:10). Met ander woorde, wat in hierdie 37 artikels bely word, is dit waarvan elke gelowige afsonderlik en almal saam oortuig is, omdat elkeen afsonderlik maar ook gesamentlik in Jesus Christus in die ek/U-verhouding met God staan.

Die digter van Psalm 22 ken ook hierdie persoonlike verhouding. Deel een van hierdie Psalm lê tussen verse 2 en 22. In vers twee kry hy nog geen antwoord op sy hulpgeroep nie: *My God, my God, waarom het U my verlaat en bly U ver as ek om hulp roep?* Maar in vers 22 het hy wel 'n antwoord gekry: *Red my uit die bek van die leeu en tussen die horings van die wilde beeste uit. U het my gebed verhoor!* U sien, so worstel die digter as gelowige met God om antwoorde op sy lewensvrae te kry. In die tweede deel van die Psalm kry ons die digter se dank- en loflied oor die feit dat God hom gered het. Dan is dit baie belangrik om te kyk na hoe die digter sy dank- en loflied tot uitdrukking bring. Nie daar iewers waar hy alleen is nie, maar in die gemeente, in die volle vergadering wil hy God se Naam prys. Ja, saam met sy medegelowiges wil hy God loof en prys. Voor al die medegelowiges wat God dien, doen hy dit. Maar dan kring dit nog verder uit tot by al die mense oor die hele wêreld wat die Here sal erken.

Ja, so is die "ons" van die een geloof in Jesus Christus nie aan grense en ruimte gebonde nie, maar oorskry alle grense en tyd. Eers wys die digter terug na die verlede, na die nageslag van Jakob. Daarna verwys hy na die toekoms: Hulle wat die Here dien sal die volgende geslag van Hom vertel.

Kan u die wonderlike van die geloof raaksien? Het u deel daaraan dat u as gelowige nooit alleen staan nie? Dat u saam met medegelowiges in 'n noue geloofsgemeenskap verkeer? Het die verhouding waarin u in Jesus Christus tot God staan al van die ek/U tot die ons/U uitgebrei? *Ons glo almal met die hart en bely met die mond.... ?*

Sing: Psalm 22:1,5

Ds. H.J. Venter (Bethal)